INSTALLASIE EN ONDERHOUDS RIGLYNE

Installasie:

- Bly binne die beperkings soos aangedui op die inligtings stuk, bv maksimum lengte en waterdruk.
- Rol die driplyn af in die rigting soos aangedui op die rol.
- Die drip uitlaat moet aan die bo-kant van die die driplyn wees wanneer dit uitgerol is.
- Vermy skade aan die driplyn tydens installasie deur dit nie te trek, knak, draai, sny of te skeur nie.
- Driplyn kan op die grond oppervlak, onder grondbedekking of ondergronds geinstalleer word.
- Gebruik die regte koppelstukkies om waterlekke te voorkom.
- Driplyn rek en krimp as gevolg van veranderinge in die temperatuur. Dit is belangrik om genoegsame speling toe te laat om voorsiening te maak vir die rek en krimp.
- In winderige areas mag dit nodig wees om ankertjies of hoepels te gebruik om sywaartse beweging te voorkom.
- Die hoof- en sy-lyne moet gespoel word voor die driplyn gekoppel word.

Ondergrondse Installasies:

- Die driplyn moet onder druk gesit word, binne 24 uur na installasie.
- Verseker dat die driplyn diep genoeg onder die grond is om skade te vermy wanneer die land bewerk/gespit word, maar vlak genoeg om die wortels voldoende nat te maak
- Gebruik lug-ventilators om ‘n vakuum in die driplyn te voorkom.
- Voorkom wortelindringing deur die gepaste plantdoder te gebruik.
- Op ‘n gereelde basis moet seker gemaak word daar is nie verstoppings in die lyn nie deur die lyn aan die einde oop te maak sodat die water uitvloei. Die eindproppie kan vervang word met ‘n klein kraantjie.



Onderhoud:

- Die driplyn en filters moet op ‘n gereelde basis gespoel word.
- Water moet skoon wees. Installeer ‘n geskikte filter.
- Kraagdiere, wortels en insekte kan groot skade veroorsaak, maak seker dat daar voorkomings maatreëls in plek is.
- Gebruik slegs water oplosbare kunsmis, en spoel die driplyn stelsel met skoon water voor dit afgesit word. Gebruik verkieslik ‘n Varkie of ‘n venturi.
- Wanneer driplyn uit die veld gehaal word vir hergebruik, rol dit op ‘n spoel, moet dit nie bondel nie.
- Moenie geblokte gaatjiies probeer oopmaak maak met ‘n naald nie, daar is “emitters” vasgesmelt in die plastiekwand wat beskadig sal word.

Afriq Water supplies a full range of dripline fittings to build your drip irrigation system